Son 6 Des (Deut 8:3, Matt 4:4)
Here, U Woord gee vir ons lewe. Leer ons asb wat dit regtig beteken dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom. Dankie dat U Woord tot ons beskikking is en dat U Gees ons die insig gee. Maak ons begerig om U Woord te bestudeer en te ken sodat ons dit effektief kan gebruik teen versoekings. Dankie dat U Woord ook vlees geword het en U sigbaar aan ons geopenbaar het.

V

Ma 7 Des (Matt 9:37-38, Eseg 18:23)
Jesus, U het gesê die oes is groot maar die arbeiders min. Stuur asb arbeiders uit vir die oes. Gebruik elkeen van ons ook om betrokke te wees deur te bid vir ongereddes. Lei ons ook om finansieel by te dra, om te getuig en om ons gawes te gebruik vir die bereiking van verlorenes. Ons bid dat goddelose mense hulle tot U sal bekeer. In Jesus se Naam.

O

Di 8 Des (Matt 2:11)
Liefdevolle God, dankie dat U vir ons U Seun gestuur het as Verlosser van die wêreld. Help ons om U genade te begryp. Wanneer ons volop het en saam met familie fees vier, dink ons aan hulle wat nie kos het om te eet nie. Ons dink aan hulle wat weens omstandighede hartseer, eensaam of verbitterd is. Maak ons boodskappers van U liefde en genade, sodat hulle ook iets sal ervaar van die vreugde van Kersfees.

L

Woe 9 Des (Num 6:24-26)
Hemelse Vader, ons bid dat U ons sal seën sodat ons vir ander tot seën kan wees. Laat ons in sagmoedigheid uitreik na ander wat seergemaak en eensaam is. Gee ons die genade om mense wat ons te na gekom het, te vergewe. Neem weg ons vrese en bekommernis en vervang dit met U vrede. Laat U vreugde in ons wees om ons lewens te vul met lof tot U eer.

H

Do 10 Des (Ps 37: 4, Luk 1:39-45)
Here, leer ons asb om verantwoordelik te wees met die geld en die gawes wat ons van U ontvang het. Leer ons om goeie rentmeesters te wees. Laat ons nie roekeloos spandeer en onverstandige besluite neem waaroor ons later gaan spyt wees en weer gaan sukkel om finansieel in te haal nie. Laat ons besef wat die eintlike betekenis van Kersfees is. Gee aan ons en ons kinders innerlike vreugde en blydskap.

A

Vry 11 Des (Ps 97:9-12)
Genadige God, baie dankie dat U ons kinders hierdie jaar so geseën het en dat U hulle elke dag beskerm het. Dankie vir die talente en vermoëns wat U vir hul gegee het en vir die geleenthede om dit te kan ontwikkel. Dankie vir hul gesondheid. Hou hulle asb gedurende die vakansie in die holte van U hand en bewaar hulle van onheil.

R

Sat 12 Des (Hand 4:29 Hebr 2:4)
Vader, gee dat U dienaars met volle vrymoedigheid U Woord sal verkondig. Laat U Heilige Gees oor hulle kom en hulle toerus met krag sodat hulle U getuies kan wees tot aan die uithoeke van die wêreld. Wil U ook saam getuig deur tekens en wonders, deur kragtige dade en gawes van U Gees. Maak asb deure oop sodat U Woord vinnig sal versprei na alle volke en nasies toe.

D

Son 13 Des (Hand 17:16-34)
Here, laat U Gees asb vandag besit neem van elke prediker wat U Woord verkondig. Laat die woorde wat hulle spreek, dit wees wat U vir die gemeentes wil sê. Gee aan hulle die insig om die Skrif reg uit te lê en om by die waarheid te bly. Maak asb die hoorders ontvanklik sodat elkeen ter harte sal neem wat U vir hulle sê en dat niemand onaangeraak sal wees nie. Laat U Naam verheerlik word.

V

Ma 14 Des (Joh 3:16-17)
Almagtige God, in hierdie dae dink ons weer aan die geboorte van Jesus. Dankie dat U die wêreld so liefgehad het dat U U enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Dankie dat U nie U Seun na die wêreld toe gestuur het om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Ons loof U!

O

Di 15 Des (Rom 12:12)
Vader, baie dankie dat U die afgelope jaar so ryklik voorsien het in al ons behoeftes. U was goed vir ons. Daar was ook hartseer. Ons dink aan al die gesinne wat geliefdes aan die dood afgestaan het. Wees U hul krag en troos, veral in hierdie feestyd wanneer mens verlang na dierbares. Ons bid ook vir mense wat eensaam is en vir hulle wat aan depressie ly.

L

Wo 16 Des (Rom 10:1)
Vader, Seun en Heilige Gees, dit is U wat mense aanraak en lewens nuut maak. Soos wat Paulus gebid het dat U sy volk sal red, so bid ons ook op hierdie geloftedag dat U ons eie volk sal red. Ons besef dat ons afgedwaal het en dat dit nodig was dat U ons moes dissiplineer. Wees ons asb nou genadig en rig ons weer op sodat ons voorspoedig sal wees en 'n mooi toekoms sal hê.

H

Do 17 Des (Ps 139:23-24)
Ewige en onverandelike God, ons aanbid U as die Alfa en die Omega. Terwyl die jaar ten einde spoed, dink ons aan so baie verlore kanse. Ons dink aan kere wat ons kon liefde gee, maar dit nie gedoen het nie. Vergewe ons asb. Gee ons die genade om die toekoms tegemoet te gaan met 'n vaste tred, die oog gevestig op Jesus. Vergesel ons vir die res van die jaar. Hernuwe ons gees en gedagtes, tot eer van U Naam.

A

Vr 18 Des (Jes 51:11, Jes 9:5-6)
Here, wees asb met almal wat in hierdie vakansietyd op die paaie sal wees. Weerhou tragedie en smart van ons. Gee dat mense verantwoordelik sal optree en versigtig sal bestuur. Beskerm gesinne asb teen drankmisbruik en die gevolge daarvan. Dankie dat Jesus juis gekom het om ons vry te maak en vir ons nuwe lewe te gee.

R

Sat 19 Des (Matt 21:5)
Dankie, liewe Vader, dat U ons U Seun gegee het as die Lig vir die wêreld. U liefde het na ons toe gekom as 'n klein kindjie; laat ons alle kinders en gesinne koester. Vernuwe in hierdie tyd die hoop en vertroue in ons hart. Gee dat ons die boodskap van hoop met ander sal deel en so sal bydra tot die verheerliking van U Heilige Naam. Amen

D

GEBEDSPROGRAM: N.G. Kerk Waverley

VOLHARD IN GEBED

Sondag 15 November tot Sat 19 Desember 2009

'n Nuwe lewe.

Hoe groot is die vreugde nie as 'n babatjie gebore word nie! Die ouers, grootouers, al die familie en vriende is bly, opgewonde en dankbaar. Die kleinding word gekoester, besoek, met geskenke oorlaai en met die grootste sorg hanteer.

Josef en Maria se omstandighede was beslis nie die gemaklikste nie; tog was hulle vreugde baie groot toe Jesus daar in die stal in Betlehem gebore is. Die engele het van blydskap kom sing en die skaapwagters was opgewonde oor die aankondiging. Die wyse manne het die Baba kom besoek en geskenke gebring. En Maria het dit alles in haar hart bewaar…Josef was so besorg oor die veiligheid van die kleinding dat hy onmiddelik in die nag sy vrou en kind geneem en gevlug het toe die engel hom gewaarsku het dat daar gevaar is. Hulle het hom gekoester, beskerm en grootgemaak na die beste van hul vermoë.

Hierdie Kindjie, waaroor daar soveel blydskap was, het later die Man van Smarte geword, die Een wat vir sondaars aan die kruis gesterf het. Sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sou gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

En wanneer 'n sondaar tot geloof in Jesus kom en nuut gebore word, is daar weer groot vreugde in die hemel en op aarde oor die geboorte van 'n nuwe mens. So 'n nuweling in God se gesin word ook gekoester, versorg, geleer en beskerm teen die bose. Hy ontvang geskenke van die Heilige Gees en groei tot 'n geestelik volwassene.

Daarom mag ons maar bly en vrolik wees en feesvier wanneer ons die geboorte van Christus herdenk, want elke keer wanneer 'n siel gered word is die hemel verheug saam met God se kinders oor 'n nuwe lewe. Dit is waarvoor Jesus mens geword het.

'n Baie geseënde Kersfees en voorspoed vir die Nuwe Jaar

Seënwense.
Kobie. (Tel. 012 3332916)

N.S. Die volgende gebedsprogram sal eers weer beskikbaar wees sodra die kantore geopen het in die nuwe jaar.